# Enkele aspekte van Theodore Beza se politieke teorie, soos verwoord in sy `De iure magistratuum'.

**W A Dreyer**

**Nederduitsch Hervormde Gemeente Horison**

**Tydelik-deeltydse dosent: Departement Kerkgeskiedenis en Kerkreg (Afd A)**

**Universiteit van Pretoria**

**Abstract**

**Some aspects of Theodore Beza's political theory in his 'De iure magistratuum'**

*Beza's 'De iure magistratuum' had, directly or indirectly, a great influence on the development of political theory in Western Europe. In this paper the historical background of the 'De magistratuum' is discussed, as well as basic political concepts which form the basis of Beza's political theory, such as the origin of government and law, political contract and covenant, political pluralism, the right to resist government, justice, democracy, the priority of the people over government and rule of law.*

## 1. INLEIDING

Dit is opvallend dat die meeste van die publikasies wat 'n oorsig van die Westerse politieke tradisie aanbied, slegs terloops na Theodore Beza verwys. In sommige publikasies word hy glad nie genoem nie (kyk o a Faure et al 1987; Von Hippel 1958; Bodlaender 1959). Na my wete is daar ook in die teologie van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA) baie min aandag aan Beza se staatsbeskouing gegee. Verder is dit só dat die Calvinisme vandag vir alles wat sleg, is uitgeskel word. Tog kan daar min twyfel wees oor die invloed wat Beza uitgeoefen het op die ontwikkeling van die Westerse politieke tradisie, en dit hoofsaaklik deur sy *De iure magistratuum in subitos, et officio subitorum erga magistratus* (Beza [1574] 1956). Die titel van hierdie geskrif word gewoonlik afgekort *De iure magistratuum*, en word ook in hierdie artikel so gedoen. Die volle titel kan vertaal word as 'oor die regte van die owerhede ten

---

* Referaat gelewer op 22 November 1995 tydens die kongres van die Kerkhistoriese Genootskap van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, op die kampus van die Universiteit van Pretoria.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

opsigte van hulle onderdane, en die verantwoordelikheid van onderdane ten opsigte van hulle owerheid'. In hierdie artikel sal gepoog word om enkele van die kerngedagtes van die Beza se politieke teorie aan die hand van sy *De iure magistratuum* toe te lig.

Hierdie tema is gekies omdat die nuwe politieke omstandighede in Suid-Afrika die kerk dwing om opnuut die verhouding tussen kerk, volk en owerheid teologies te verwoord. Die NHKA het nog altyd sy teologie as Bybels-Reformatories getipeer. Dit impliseer dat wanneer die verhouding kerk/volk/owerheid vir die eie tyd verwoord word, daar onder andere gekyk moet word na wat die Reformatore oor die onderwerp geskryf het. Uiteraard was die Reformasie van die sestiende eeu nie 'n enkelvoudige beweging nie: Luther, Zwingli, Calvyn, Knox en Beza het elkeen op hulle eie manier die verhouding kerk/volk/owerheid beskryf, alhoewel daar heelwat raakvlakke en ooreenkomste in hulle denke was. Luther en Calvyn se staatsbskouing is al uitvoerig en uitnemend beskryf. Beza het om twee redes minder aandag gekry: eerstens leef hy, histories gesproke, in die skaduwee van Calvyn; en tweedens was navorsers baie lank onseker wie die outeur van die *De iure magistratuum* was, en het die dokument bloot as die Magdeburg-dokument bekend gestaan (Van Schelven 1956:1).

Myns insiens verdien Beza se *De iure magistratuum* meer aandag. Die rede hiervoor is die enorme invloed wat dit op die Westerse politieke tradisie uitgeoefen het. Min denkers het die stryd om politieke geregtigheid en vryheid in Wes-Europa so ingrypend beïnvloed soos Beza en sy Calvinistiese strydgenote Hotman, Du Plessis Mornay en Languet. In die sewe jaar na die Bloedbruilof van Parys, 1572-1579. het hierdie denkers 'n verskeidenheid publikasies die lig laat sien wat die Westerse politieke tradisie wesenlik bepaal het. Van hierdie denkers is Beza waarskynlik die belangrikste, soos blyk uit die feit dat hy tydgenootlik in Engelse, Skotse, Franse, Nederlandse, Duitse en Hongaarse publikasies aangehaal is, en 88 uitgawes van Beza se werke in die eerste eeu nadat dit oorspronklik verskyn het, herdruk is. In Engeland het daar op 'n stadium twee uitgawes per jaar van sy werke verskyn.

Van die belangrikste politieke dokumente in die Weste se geskiedenis is wesenlik deur Beza se denke bepaal, byvoorbeeld die Nederlandse Plakkaat van Verlatinge, die Vindiciae contra tyrannos, die Edik van Nantes, die Skotse Covenant, die English Revolution, die Pact du Peuple au Parlement van 1649 en die Amerikaanse Declaration of Independence (Van Schelven 1956:11). Die beginsel van die regstaat, *of rule of law*, kan onder andere na Beza teruggevoer word. Dit is opvallend dat dit 'n teoloog was, en spesifiek 'n Calvinistiese teoloog, wat die Westerse politieke tradisie so grondig beïnvloed het. Wat nog meer opvallend is, is dat sy politieke teorie Skriftuurlik begrond is, omdat hy soos al die Reformatore vasgehou het aan die beginsel dat die Heilige Skrif alles te sê het oor die menslike bestaan, en dus ook die verhouding



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

kerk/volk/owerheid. Miskien was dit juis die Skrifgebondenheid van sy politieke teorie wat dit so universeel aanvaarbaar gemaak het. Daarom verbaas dit 'n mens dat daar so min van Beza en sy denke gemaak word.

## 2. HISTORIESE AGTERGROND VAN DIE 'DE IURE MAGISTRATUUM'

Calvyn het op 27 Mei 1564 gesterf. Sy opvolger in Genève was Theodore Beza. Dit het beteken dat hy as moderator van die Geneefse predikante opgetree het. Beza het bo en behalwe sy ampsverpligtinge in Genève besonder baie gedoen vir die Protestantse Kerk in Frankryk. Hy het onder andere die *Confessio de la Foy Christienne* opgestel, die Psalmvertaling van Marot voltooi en Bybelvertaling gedoen. Beza is die ontdekker van Codex D. Hy is, soos Calvyn, opgelei as regsgeleerde, maar was daarby 'n uitstaande teoloog, historikus, digter en literator. Hy het ook die Calvinistiese Kerkorde in die Franse Kerk laat invoer. Só was hy in Switserland en in Frankryk 'n leidinggewende figuur (Baird 1970:239-254).

Hierdie betrokkenheid van Beza by die Protestantse Kerk in Frankryk is belangrik, want dit was juis die gebeure in Frankryk wat aanleiding daartoe gegee het dat hy die *De iure magistratuum* geskryf het. Op 23 en 24 Augustus 1572 vind die Paryse Bloedbruilof plaas. Talle Franse Hugenote was in Parys saamgetrek vir die huwelik van die Protetstantse prins, Henry van Navarre. Al die belangrikste leiers van die Reformasie in Frankryk, onder andere admiraal Gaspard de Coligny, die hoof van die Franse vloot, was in Parys bymekaar. Die Franse koning gebruik dan die geleentheid om hulle te laat vermoor (vgl Bakhuizen van den Brink 1980:247). In dié optrede van die koning sterf ongeveer 25 000 Franse Hugenote. Coligny se kop word afgekap en aan die pous in Rome gestuur. Hy het die gebeure met dankdienste begroet.

Die gevolg van hierdie gebeure was dat 'n nuwe vraag aktueel geword het in die politieke en teologiese debat, en dit is: Wat is die regte van 'n volk ten opsigte van die vors/owerheid (Dreyer 1995:11)? In die sestiende eeu het verskillende toonaangewende politieke filosowe, op grond van 'n nuwer beskouing van die natuurreg, die vors se voorregte en magte sterk beklemtoon. Dit was die eeu waarin Machiavelli sy *Il Principe* gepubliseer het, Bodin sy *Les Six Livres de la Republique* en Cardin Le Bret sy *La Souveraineté du Roy*. Hierdie filosowe het die owerheid as 'n absolute mag beskou, wat impliseer dat die vors die bron van die wet is. Die vors het alle mag in homself opgeneem, en die regte van die volk is daardeur wesenlik beperk. Hierdie oorbeklemtoning van die magte van die owerheid het die verhouding tussen die volk en owerheid heeltemaal verander.

Die oorbeklemtoning van die magte van die vors (Etatisme) laat 'n staat te voorskyn tree wat verhewe is bo die volk (Murray 1962:19). Die Etatisme het op 'n empiriese en pragmatiese wyse oor die staat gepraat, en daarmee is die metafisiese politieke



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

teorie van die teoloë en die kerk bestry asook die ou natuurregtelike beginsels waar die volk se regte voorrang bo dié van die vors geniet het. Dit was die begin van die sekularisering van die staat. In hierdie politieke teorie het die volk en die regte van 'n volk baie min aandag ontvang — dit was eintlik nie ter sake nie. Die Bloedbruilof van Parys het egter die regte van die volk op die voorgrond gestoot. Die verhouding tussen volk en owerheid het daarmee problematies geword.

In reaksie op die Bloedbruilof het Beza op 30 Junie 1573 by die Geneefse stadsraad aansoek gedoen om sy lesings oor die vyfde gebod te publiseer (die *De ure magistratuum*). Die stadsraad het geweier uit vrees vir die magtige Frankryk wat juis op daardie stadium oorweeg het om met 'n oorlog teen die Switserse stede te begin. Beza se vriende het gevolglik die dokument anoniem in Lyon laat publiseer. Vir baie jare was historici onseker oor wie die outeur was, maar navorsing het aangetoon dat die dokument onteenseglik van Beza afkomstig is (Van Schelven 1956:2). Die eerste uitgawe het gedurende 1574 in Frans in Lyon verskyn, en in die daaropvolgende vyftig jaar is dit nog sewemaal in verskillende lande herdruk, hoofsaaklik in Latyn.

Wat ook in gedagte gehou moet word, is dat die *Vindiciae contra tyrannos* 'n verwerking van die *De iure magistratuum* en Hotman se *Franco Gallica* van 1573 is (Murray 1962:37). Die *Vindiciae* is die belangrikste enkele dokument in Nederland se politieke geskiedenis (De Visser 1926:89; Kuyper 1937:194). Daarom kan die *De iure magistratuum* as van fundamentele belang beskou word vir die verstaan van die Nederlandse (en Afrikaners se) politieke denke.

Beza se geskrif is eietyds as rewolusionêr beskou, omdat hy teen die absolute magte van die vors te velde getrek het. Daarom staan die *De iure magistratuum*, en ook die ander Calvinistiese politieke geskrifte van die tyd as rewolusionêre literatuur bekend (Sabine 1951:322). Die *Vindiciae* het die basis van die rewolusionêre politieke teorie in Europa geword (Sabine 1951:323).

## 3. DIE POLITIEKE DENKE VAN BEZA

Die *De iure magistratuum* kan net reg verstaan word as 'n mens in gedagte hou waarom Beza dit geskryf het. In die eerste plek is dit in reaksie op die Paryse Bloedbruilof geskryf, en behandel dit vrae soos die reg van opstand teen die owerheid, wat die verhouding tussen owerheid en volk behoort te wees en wat die wedersydse verpligtinge van volk en owerheid teenoor mekaar is. Tweedens was die *De iure magistratuum* gemik teen die verabsolutering van die owerheid se mag (Van Schelven 1956:4). Dit was veral in Frankryk waar die monargale absolutisme baie sterk was (Sabine 1951:319).

Derdens was die *De iure magistratuum* gerig teen die naturalistiese staatsbeskouing wat begin het om die Europese politiek te beïnvloed. Teenoor die humanisme, empirisme en pragmatisme van die naturalistiese staatsfilosofie het Beza die staat Christeliketies aan die hand van 'n interpretasie van die vyfde gebod begrond. In sy begronding



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

van die staat maak hy allereers van bewysvoering uit die Skrif gebruik, en tweedens gebruik hy ook politieke beginsels wat vir baie eeue algemeen bekend was.

Die *De iure magistratuum* is gestruktureer aan die hand van tien vrae, wat elkeen breedvoerig beredeneer en beantwoord word. Enkele van die politieke beginsels wat daarin manifesteer, kan soos volg saamgevat word (nie noodwendig in dieselfde volgorde soos wat dit in die *De iure magistratuum* na vore kom nie):

## 3.1 Die volk

Die basiese vertrekpunt in Beza se denke was dat die volk die kern van die staat is, en nie die owerheid of die individu nie. Die individu het eers later op die politieke toneel verskyn. Beza se standpunt is dat die volk nie uit die owerheid voortkom nie, maar die owerheid uit die volk. Die volk is nie ter wille van die owerheid daar nie, maar die owerheid ter wille van die volk (Beza [1574] 1956:30).

As voorbeeld gebruik hy die geskiedenis van die volk Israel, wat bestaan het lank voordat die koningskap met Saul ingestel is. Hy wys verder daarop dat koning Saul, en ook Dawid, deur die wil van die volk daargestel is (1 Sam 8). Hierdie voorrang wat die volk bo die owerheid geniet, word ook in die geskiedenis van verskillende volke bevestig asook in die natuurreg en deur filosowe soos Aristoteles en Plato (Beza [1574] 1956:31).

## 3.2 Oorsprong van die owerheid en die wet

God is die oorsprong van alle owerhede en magte. Dit word baie duidelik in Romeine 13 geleer. Die doel waarom God owerhede daargestel het, is om die kwaadoeners te straf en in toom te hou, en die wetsgehoorsame mense te beskerm (Beza 1956:31) Hieruit volg dat die owerhede aan God onderhorig is en dat God self nie net owerhede in aansyn roep nie, maar ook die wet aan hulle gee. Hierdie Goddelike wet is in die Woord vervat (Tien Gebooie), en die owerheid se primêre taak is dus nie om wette uit te dink nie, maar slegs die Goddelike wet toe te pas. Daarom staan die owerheid altyd onder die wet, en kan die owerheid nooit bo die wet verhef wees nie (Beza 1956:42). Elke volk het verder sy eie natuurwet waarvolgens die owerheid moet regeer. Die owerheid/vors is dus nie die bron van die wet nie, maar die bron van die wet is in die eerste plek God en in die tweede plek die volk. Hierdie denke was die fundering van wat in die Nederlande, en later in die Westerse wêreld, bekend sou staan as die regstaat of *rule of law*.

## 3.3 Verbond en kontrak

Die verhouding tussen God, kerk, volk en owerheid word as 'n verbond beskou. Hierdie verbond impliseer dat die volk, die vors en ook die kerk in 'n kontraktuele verhouding met mekaar staan. Dit was 'n verhouding waarin die regte en voorregte van



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

die kerk, volk en owerheid omskryf is. Dit het gewoonlik saamgeval met die troonbestyging van 'n vors.

Hierdie verbonde is met plegtige eedswering voor die aangesig van God bekragtig. Die Calvinistiese denkers het hulle verstaan van die verbond begrond op 'n interpretasie van 2 Konings 11:17: 'Toe het Jojada 'n verbond gesluit tussen die Here, die koning en die volk, dat hulle die volk van die Here sou wees. Hy het ook tussen die koning en die volk 'n verbond tot stand laat kom'.

Gedurende die sestiende eeu is verskillende volke saamgevoeg in een gemenebes met verskillende laere vorste onder een koning. Die verhouding tussen die volke onderling, die laer owerhede en die vors is in 'n kontrak omskryf. Hierdie kontrak het 'n magsewewig tussen die owerheid en die volkere, en ook die volkere onderling, gewaarborg. In hierdie natuurregtelike opvatting van die kontrak is die wortels van die moderne grondwet te vind. Die wedersydse verpligtinge en verantwoordelikhede van die vors en die laere owerhede word kontraktueel bepaal, en dit bepaal ook die verhouding tussen die partye (Beza 1956:41). Die verbond of kontrak was gewoonlik tweeledig (Sabine 1951:323): Eerstens is daar 'n verbond gesluit tussen God aan die een kant en die vors en volk aan die ander kant. Daarnaas is 'n tweede verbond gesluit tussen die volk en die vors. So word 'n staat gevorm met drie vennote: God, die owerheid en die volk. Vanselfsprekend het dit die kerk ook geraak. Die verbond tussen God, volk en owerheid was tegelykertyd die verbond tussen kerk, volk en owerheid. In die *Vindiciae* word die gedagte verder uitgewerk dat die drieledige verbondsluiting noodsaaklik is, omdat die belangrikste rede vir verset teen die owerheid godsdienstig van aard was. Wanneer die owerheid valse godsdiens navolg, het die volk die volste reg (en inderdaad die heilige plig) om teen die owerheid te verset, omdat die owerheid die bepalings van die eerste verbondsluiting verontagsaam het (Sabine 1951:323).

## 3.4 Pluralisme

'n Belangrike beginsel was dié van pluralisme. Elke vors in die sestiende eeu het oor verskillende volke, laere vorste en ook regstelsels regeer. Dit het beteken dat die onafhanklikheid van volke erken is en dat hulle slegs in 'n konfederale verband met mekaar gestaan het. Die eenheid tussen die volke was geleë in die persoon van die vors. Die gevolg van hierdie situasie was dat daar 'n dualisme, of pluralisme, in die politieke opset te voorskyn gekom het. Die kern van die politieke teorie van Beza, en ook die ander Calvinistiese denkers, was dat daar 'n werklike skeiding tussen die owerheid en die volkere oor wie die owerheid regeer, bestaan. Die owerheid en onderdaan (volk) was twee partye wat elkeen sy eie regte en voorregte gehad het, en hierdie regte is in die verbond of kontrak omskryf. Wanneer die een se regte aangetas word, het hy die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

reg gehad om hom te verset. Hierdie politieke pluralisme kom uit die Middeleeue, en is verwerk om te pas by die politieke omstandighede van die sestiende eeu (Van Schelven 1956:6-7).

Hierdie pluralisme is een van die aspekte van politieke teorie wat na die Paryse Bloedbruilof na vore kom, en wat 'n belangrike verandering is in vergelyking met Calvyn se denke. Calvyn het die organiese eenheid tussen kerk, volk en owerheid baie sterk beklemtoon (Haitjema 1957:1137). Calvyn beskou die staat as 'n organisme: die kerk is die hart, die volk is die liggaam en die owerheid is die verstand van die lewende organisme. Daarom kon Calvyn ook bitter min gronde vind vir verset teen die owerheid. Juis die pluralistiese denke van die Calvinistiese denkers na 1572 het die moontlikheid van verset vergroot.

### 3.5 Reg tot verset

Wanneer die owerhede die kontraktuele ooreenkoms en verbondsverhouding met 'n bepaalde volk verbreek, het daardie volk die reg tot verset gehad. In hierdie opsig verskil Beza van Calvyn, veral as gevolg van die Bloedbruilof van Parys. Die vors se sondes is gelys, sy verbreking van die verbond en kontrak duidelik omskryf en dan is so 'n vors se gesag afgewerp. Verset kon dus net in terme van 'n bestaande kontrak plaasvind en net onder leiding van die laere vorste. In Nederland se geval is onder leiding van die Nederlandse stadshouer, Willem van Oranje, die gesag van die Spaanse vors afgewerp. Hierdie afwerping is duidelik omskryf in die Plakkaat van Verlatinge. (Vir 'n meer volledige beskrywing vergelyk Dreyer 1995:28-46 en Murray 1962:20.)

Tot watter mate moet onderdane hulle teen opdragte van die owerheid verset as dit strydig is met die wil van God? Die antwoord was baie duidelik: Dit is nie genoeg om maar net te weier om die owerheid te gehoorsaam nie, maar die onderdaan moet ook nog verder aktief doen wat God beveel. As voorbeeld dien die optrede van die apostels toe die owerheid hulle verbied het om die evangelie te verkondig. Hulle het nie niks gedoen nie, maar juis aktief die evangelie verkondig (Hand 5) (Beza 1956:27).

Beza (1956:30-35) beredeneer in Vraag 5 die reg van gewapende verset. Daar stel hy weer dat daar vir alle owerhede, ook vir 'n tiran, gebid moet word en ook verdra moet word. Hy gaan egter verder, en met 'n beroep op die geskiedenis van die volk Israel in die Ou Testament, stel hy dat dit vir 'n volk nodig mag wees om 'n owerheid met gewapende geweld teen te staan. Die rigters het byvoorbeeld die volk Israel teen heidense owerhede aangevoer en hulle in opdrag van God met wapengeweld verdryf. Verder toon hy aan dat hierdie opstand nooit 'n eiewillige opstand van individue mag wees nie, maar dat die volk in gehoorsaamheid aan die laere owerhede (byvoorbeeld die rigters) hierdie verset moet pleeg. Uit hier die opmerkings word dit duidelik



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

waarom hierdie literatuur eietyds as rewolusionêr beskou is — veral as 'n mens in gedagte hou dat die gangbare politieke teorie van die tyd die koning se magte verabsoluteer het.

### 3.6 Die grond van geregtigheid

Moet die owerheid net so onvoorwaardelik as God gehoorsaam word? Beza stel dat die wil van God die ewige en onveranderlike grond van reg en geregtigheid is (Beza 1956: 25). Daarom moet die wil van God onvoorwaardelik gehoorsaam word. Die owerheid moet op dieselfde wyse gehoorsaam word wanneer die owerheid in gehoorsaamheid aan God se wil regeer. Wanneer die owerheid iets van die onderdane vereis wat strydig is met die wet van God (Tien Gebooie), moet die onderdane aan God meer gehoorsaam wees en weier om die opdrag van die owerheid uit te voer. As Skriftuurlike voorbeeld dien Daniel en sy vriende wat geweier het om die standbeeld van Nebukadneser te aanbid (Dan 3) asook die apostels wat verklaar het dat hulle eerder God as die mens sal gehoorsaam (Hand 5:29). Wanneer die owerheid iets van die onderdaan vereis wat strydig is met die liefdesgebod tot die naaste, moet ook dit verontagsaam word. As voorbeeld dien die vroedvroue wat geweier het om die Hebreeuse seuntjies dood te maak, soos wat die farao hulle beveel het (Eks 1:17).

### 3.7 Demokratiese denke

Beza se 'demokratiese denke' vind ons in sy formulering van die beginsel dat 'die volk nie daar is ter wille van die vors nie, maar die vors is daar ter wille van die volk' (Beza 1956:30). Vanselfsprekend het Beza nie demokrasie in die moderne vorm daarvan geken nie, maar hierdie beginsel het die ontwikkeling van die demokrasie wesenlik beïnvloed. Hierin sluit hy aan by wat Augustinus reeds in sy *De civitate dei* (III/4) sê, naamlik dat die owerheid van die *civitas terrena* net kan bestaan waar daar 'n volk is.

Die volk is dus die dominante in die verhouding volk/owerheid. Wanneer die owerheid die dominante word, verander dit volgens Augustinus gewoonlik in 'n *magnum latrocium* [Mans 1962:96].

## 4. SLOTOPMERKINGS

Bogenoemde is enkele van die kerngedagtes wat in die *De iure magistratuum* na vore kom, hoewel baie oorsigtelik. Die vraag is egter: watter waarde het dit vir ons as ons oor die verhouding kerk, volk en owerheid nadink? Die probleem is dat die kontekstualiteit van die politieke denke in die sestiende eeu dit moeilik maak om dit te verstaan, maar ook om die waarde daarvan te peil vir die eie tyd. Die politieke probleme en teorie lyk vir ons vreemd (Van Schelven 1956:6). Daar is byvoorbeeld baie min



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

ooreenkomste tussen ons verstaan van die demokrasie en die demokratiese denke wat in die *De iure magistratuum* manifesteer. Die volgende dien opgemerk te word:

### 4.1 Getuienis teenoor volk en owerheid

Die politieke en sosiale rewolusie van die moderne tyd is bevorder deur die toename in politieke en sosiale teorie. Die Calvinistiese skrywers het 'n baie groot deel van hierdie politieke teorievorming bepaal en begrond. Dit is ook deur die hele geskiedenis opmerklik dat mense uit 'n Calvinistiese agtergrond 'n lewendige belangstelling in die politiek het (McNeill 1967:411). Dit was ook in die Afrikanervolk en in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA) se geskiedenis só.

Daar bestaan tans 'n neiging by die NHKA om in die nuwe politieke omstandighede van Suid-Afrika te swyg oor die owerheid en volk. Indien die kerk wel iets getuig, lê dit op die vlak van moraliteit: mag 'n mens dobbel, moet die owerheid pornografie toelaat, moet die owerheid die hoë egskeidingsyfer deur wetgewing beperk, hoe moet misdaad bekamp word? Aan die wesenlike politieke sake soos die grondwet, die akte van menseregte, die posisie van minderheidsgroepe soos die Afrikanervolk, die regte van die volk teenoor die owerheid — daaroor swyg die kerk dikwels.

Die kerk het byna 'n Lutherse posisie ingeneem, naamlik dat die regering maar aan sigself oorgelaat moet word. Daarin lê iets van 'n ontvlugting en onttrekking, eerder as dat dit 'n beginselstandpunt sou wees. Dit is wesenlik deel van die Calvinistiese denke om by die politiek betrokke te raak en daaroor te praat en te getuig. 'n Groot deel van die politieke teorie en beginsels wat in die Suid-Afrikaanse opset gebruik word, het hulle oorsprong by die Calvinistiese politieke teorie. Die ironie is dat die Calvinistiese kerke dikwels swyg oor sake wat uit hul eie teologiese tradisie na vore gekom het. As 'n mens aan die Calvinistiese beginsel vashou dat die Woord van God alles te sê het oor die menslike bestaan, dan word dit noodwendig dat die kerk ook sal getuig teenoor die owerheid en volk ten opsigte van die politieke ontwikkeling in Suid-Afrika.

### 4.2. Die volk

Die kern van Beza se politieke denke is dat die owerheid nie onbeperkte magte het nie, en dat die volk baie belangriker as die owerheid is. Die owerheid word deurgaans beskou as dienskneg van die volk. Die owerheid is nie net beperk in terme van die etiek nie, maar ook in terme van politieke mag. In die Suid-Afrikaanse situasie is die saak egter gekompliseerd, want wie is die volk? Is dit die breë Suid-Afrikaanse nasie (reënboognasie), of mag ons nog van volke praat? Kan die kerk nog in sy getuienis uitgaan van die regte en voorregte van die Afrikanervolk? Dié manier van praat word bemoeilik deur die feit dat 'n groot deel van die Afrikanervolk oënskynlik vrede het met hulle



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

verlies aan vryheid en selfbeskikking, en geredelik opgeneem word in 'n nuwe Suid-Afrikaanse nasie. Daar sal weer nagedink moet word oor 'n plurale en daarteenoor 'n eenheidstaat. Die vraag is wat die verhouding van die Afrikanervolk teenoor 'n owerheid gaan wees wat (in die toekoms) volledig uit nie-Afrikaners gaan bestaan — gaan dit 'n pluralistiese verhouding wees met 'n geskeidenheid tussen volk en owerheid? Wat gaan die kerk se rol wees in 'n situasie waar daar 'n dualisme tussen volk en owerheid bestaan? As die klem op die volk geplaas word, soos gebruiklik in die Calvinistiese tradisie, sal die kerk uiteraard by die volk skaar en teenoor die owerheid stelling inneem. Wat die kerk in elk geval sal moet beveg, is alle magsmisbruik van die owerheid, vergrype van die owerheid teen die volk en 'n aantasting van die regte van die (Afrikaner?) volk.

### 4.3 Verset

Beza het twee duidelike redes vir verset aangestip: Die eerste is wanneer 'n volk sy vryheid verloor deur die onregmatige oorname van die land deur 'n vreemde owerheid; tweedens wanneer die owerheid die ware godsdiens bedreig. Binne die raamwerk van hierdie denke mag die kerk in Suid-Afrika nie net nie, maar moet die kerk in verset kom teen die vorming van 'n agnostiese staat, die gelykheid van godsdienste, die verontagsaming van Christelike beginsels, die miskenning van God se Woord en die gekkigheid van 'n parlement wat deur 'n dominee, rabbi, sabonga en imam geopen word. Volgens Beza is die miskenning van die ware Christelike geloof 'n grondige rede vir verset, en word verset deel van die Christen se heilige plig. Die vraag is hoe? Met gewapende verset? Daar is verskeie vorme van verset wat nie noodwendig wapengeweld insluit nie. Die belangrikste hiervan is die getuienis (skriftelik, prediking en so meer) wat die kerk lewer. Die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk het in 1995 uitsprake gemaak teen geweldadige verset (AKV van die NHKA 1995:57), maar tegelykertyd die reg van protes en vreedsame verset erken. Dit is volkome in lyn met die denke van Beza wat vereis dat die kerk meer gehoorsaam aan God as aan die owerheid moet wees.

### 4.4 Die eis om geregtigheid

Die kerk sal onverbiddelik moet eis dat geregtigheid sal geskied in die land. Die kerk sal ook moet kwalifiseer wat dit is, naamlik regering in gehoorsaamheid aan die Woord van God. Daarmee word nie 'n bibliokrasie bedoel nie, maar bloot dat die owerheid sal luister na die verkondiging van die kerk, dit ter harte sal neem en daarvolgens sal regeer. Dit raak ook 'n regverdige regspleging. Vir die kerk is geregtigheid nie die geregtigheid van 'n humanistiese medemenslikheid nie, maar dat beide tafels van die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Tien Gebooie gehoorsaam sal word. Daar is volgens Beza geen ware geregtigheid as God (eerste tafel) geïgnoreer word nie. Dan verword die naasteliefde (tweede tafel) tot 'n spel van menslike willekeur.

Artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis eis dat die owerheid ook die koninkryk van Jesus Christus sal bevorder. Of die neutrale/sekulêre owerheid in Suid-Afrika enigsins hierin belangstel, is 'n ope vraag. Kan die kerk ophou om dié eis te stel, net omdat die owerheid nie aan hierdie eis aandag gee nie? Volgens die Woord (Rom 13) en die Reformatoriese Belydenisskrifte is die owerheid 'n dienskneg van God wat deur die grasie van God regeer en die spesifieke doel het om orde en geregtigheid te handhaaf. Solank as wat die kerk erns maak met die Woord en die belydenisskrifte, sal die onverbiddelike eis aan die owerheid gestel word dat die owerheid in afhanklikheid van God, in ware geregtigheid en in handhawing van wet en orde sal regeer.

### 4.5 Afskeiding

Afskeiding van 'n owerheid is 'n bekende en erkende beginsel in die Calvinistiese denke. As voorbeeld hiervan dien die Nederlandse verlating van die Spaanse koning, die emigrasie van die Franse Hugenote, die Amerikaanse *Declaration of Independence* en ook die Groot Trek.

Afskeiding hoef nie met geweld gepaard te gaan nie, maar as die dualisme/ pluralisme van volk en owerheid erken word, is dit ook moontlik om hierdie sake kontraktueel te reël. Daarom sou die kerk nie prinsipieel 'n uitspraak kan maak teen iets soos die vorming van 'n selfstandige volkstaat nie. Opvallend was dat in die hele aanloop tot die opstel van die tussentydse Grondwet en Handves van Menseregte vir Suid-Afrika, die regsgeleerdes die moontlikheid van soiets ontken het, op grond van 'n historiese argument — daar sou in die geskiedenis van die volkerereg nie voorbeelde van só iets wees nie. Miskien ken die Suid-Afrikaanse juriste nie meer die Calvinistiese politieke geskiedenis en teorie nie.

### 4.6 'n Regstaat

Beza het in sy politieke teorie die beginsel geformuleer dat die wet die hoogste gesag is en dat die owerheid aan die wet onderworpe is. Hierdie beginsel verseker dat die owerheid nie willekeurig, en tot nadeel van die volk sou regeer nie. Daarom sou die kerk ook kon aandring op die handhawing van die wet as die hoogste gesag en voortdurend eis dat die owerheid aan die grondwet, wette en handves van menseregte getoets word. Die kerk sou ook gekant kon wees teen iets soos regstellende optrede van die owerheid, as dit sou blyk dat dit diskriminerend van aard is en die omskrewe regte van



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

mense aantas. Dit is my mening dat wanneer die kerk oor fundamentele sake in die Suid-Afrikaanse politiek besin, die Woord en ons eie Reformatoriese paradigma as vertrekpunt moet dien. Anders as wat dikwels gemeen word, sit daar 'n enorme hoeveelheid aktualiteit in die sestiende-eeuse politieke denke van ons Calvinistiese voorvaders. Inderdaad was dit hoofsaaklik Calvinistiese denke wat deur die eeue volke gehelp het in hulle stryd om politieke geregtigheid.

## Literatuurverwysings

Allen, J W 1961. *A history of political thought in the sixteenth century*. London: Methuen.

Baird, H M 1970. *Theodore Beza*. New York: Burt Franklin.

Bakhuizen v d Brink, J N 1980. *Handboek der Kerkgeschiedenis, deel 3*. Leeuwarden: De Tille BV.

Beza, T [1574] 1956. *De iure magistratuum in subitos, et officio subitorum erga magistratus*, vertaal onder redakteurskap van H L Gonin in A H Murray. Cape Town /Pretoria: HAUM.

Bodlaender, M L 1959. *Politeia: Grote mannen over staat en maatschappij*. Amsterdam: Elsevier.

Brutus, J [1579] 1972. *Vindiciae contra tyrannos*, translated by H J Laski. New York: Burt Franklin.

Calvyn, J [1559] 1949. *Institutio christianae religionis*, vertaal deur A Sizoo. Tweede uitgawe. Delft: Naamloze Vennootschap W D Meinema.

De Visser, J Th 1926. *Kerk en staat, deel 2*. Leiden: A W Sijthoff's Uitgeversmaatschappij.

Dreyer, W A 1995. Kerk, volk en owerheid — 'n Hervormde perspektief. DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Faure, A M (red) 1987. *Die westerse politieke tradisie*. Pretoria: Academica.

Haitjema, J Th 1957. Calvijn en de Calvinisme, in Waterink, J (red), *Cultuurgeschiedenis van het Christendom,* 1132-1175. Amsterdam/Brussel: Elsevier.

Kuyper, A 1937. *Briefwisseling van Mr Groen van Pinsterer met Dr A Kuyper 1864-1870*. Kampen: Goslinga.

Mans, C J 1962. Die owerheid in die Nuwe Testament en by die Reformatore. *HTS* 18/3, 90-115.

McNeill, J T 1967. *The history and character of Calvinism*. New York: Oxford University Press.

Murray, A H (red) 1956. *Theodore Beza*. Cape Town/Pretoria: HAUM.

——— 1962. *The political philosophy of J A De Mist*. Cape Town/Pretoria: HAUM.

Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1995.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Besluitebundel. Argief NHKA, Pretoria.

Sabine, G H 1951. *A history of political theory*. London: George G. Harrap & Co.

Van Schelven, A A 1956. Introduction, in Murray, A A (red), *Theodore Beza*. Cape Town/Pretoria: HAUM.

Von Hippel, E 1958. *Geschichte der Staatsphilosophie*. Meisenheim am Glan: Verlag Anton Hain.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services